### *Die wese van die Meester*

**227** My leerlinge slaap nou eers, ook die Romeine was moeg. Elkeen maak van sy hand `n hoofkussing, leun op die tafels en slaap soos op die sagtste bed. Murel en Philopold gaan egter nie slaap nie maar trek hulle ietwat terug en gebruik hierdie tyd om alles wat daar voorgeval het, te bespreek.

[2] Ook **Mathael** voeg hom by die twee en sê: "Ek kan nou onmoontlik slaap na alles wat ek hier alles gedurende hierdie twee opeenvolgende dae beleef en gesien het nie. Dink julle eers in, drie dae gelede was ek nog besete deur `n legioen duiwels en, hoewel onbewus, so ongeveer die mees gevreesde straatrower!

[3] Waar mense vermoed het dat ek daar was, durf geen karavaan langs trek nie en wie in my hande geval het, het verseker sy eensame weg nie onbeskadig verder gegaan nie! En nou is ek die skoonseun van koning Ouran en mederegeerder oor die groot land van die Pontus tot aan die ryk van die Skitiërs! Die ryk strek hom uit oor `n groot gebergte van die Pontus tot aan die Kaspiese see. - Is dit nie `n wonder bo wonder nie?! Ja, hier gebeur dinge waarvan geen mens êrens anders op aarde hom `n voorstelling kan maak nie!

[4] Maar daar bly nog `n belangrike vraag oor, en dit is baie eenvoudig: Sal die mense dit verstaan en dit suiwer bewaar, die wat ruimtelik baie ver van hier af lewe, of die wat na hierdie tyd sal lewe? Want ook al is die leer op sigself so suiwer en waar, mense sal wel glo dat dit van `n groot profeet afkomstig is, - maar om te aanvaar dat Elohim Sélf in vlees en bloed dit vir die mense geleer het, sal `n moeilike en wankelrige geloofspunt word, des te meer omdat Hy so te sê `n natuurlike seun van `n sekere Miriam is, wat later die vrou van `n timmerman met die naam Josef geword het! En dit is nou al ruimskoots by die volk bekend en dit sal dus ietwat moeilik wees om juis die volk die bepaalde gevoel van menswees met betrekking tot die Meester te gee, hoewel daar in ons seker geen twyfel meer daaroor bestaan nie.

[5] Ons is ten volle daarvan oortuig dat daar aan Hom niks natuurlik menslik kleef as slegs die uiterlike vorm nie. **Liggaam, siel en gees is Elohim!** Want mens kan sondermeer sê: Die volledige godheid is ook liggaamlik in Hom! Want Hy hoef maar net iets te wil en dan gebeur dit ook oombliklik.

[6] Die grootste en tasbaarste bewys vir Sy goddelikheid lê egter in Sy woord en in die altyd ten dienste staande engel, wat ten aanskoue van alle aanwesiges dade verrig wat vir elke sterfling nog onverklaarbaarder is as Philopold se uitleg oor die wêreld van die vaste sterre.

[7] Kortom, voor ons dit gesien het, is dit oorduidelik die heiligste en buitengewoonste, want ons het oortuigende bewyse in oorvloed!

[8] Maar dit sal nie oral en nie altyd so kan wees nie. Ek merk hier egter al, dat dit vir baie mense, ondanks alle oorstelpende bewyse, nog altyd moeilik is om die goddelike wese van die Meester in te sien en te verstaan. Ek sê dan ook dat die verklarende woord altyd meer wonders doen, met betrekking tot die herken van die Meester en Sy suiwer goddelike Glansrykheid, as die opvallendste wonders. Die rede skyn hierin te lê: Aan die egte of namaakwonders, wat altyd raaiselagtig is, is mense in ons tyd al so gewoond dat dit eintlik glad geen uitsonderlike verbasing meer oproep nie.

[9] Veral sedert die ongeveer sestig jaar wat die Romeine oor ons heers, het dit feitlik gewemel van magiërs en wonderdoeners! Die mens wat onervare en onbedrewe in die geheime magie is, gooi nou egte en namaakwonders baie maklik op één hoop, maak geen verskil tussen werklike en namaaksels nie - en kan dit ook nie doen nie, omdat alle elementêre kennis hom daarvoor ontbreek. Dit is dan ook die eenvoudige rede waarom `n wonderwerk nooit so `n effek sal kan hê as `n duidelike woord nie.

[10] Kortom, deur die menseverstand op die regte manier op te wek, bereik `n mens duidelik meer as deur watter wonder dan ook al!"

### *Die toekoms van JaHshua se leer volgens Mathael*

**228** "Ja, vir ons is die buitengewone dade ook wel `n baie sterk bewys, omdat ons verstand in soverre ontwikkel is dat ons met die eerste oogopslag die onware van die ware kan onderskei!

[2] Want ons ken intussen alle kunste van die magiërs en daar is niks wat iets nuut gebring het nie. Maar hierdie dade hier vereis meer as `n net magiër uit Egipte of uit Persië, hierdie dade vereis Elohim se skeppende almag en Sy ondeurgronde diepe wysheid. Dit vereis die oer- en basisreg van die goddelike Gees, Wie se wil alle geeste en alle wêrelde beteuel, soos `n goeie perdetemmer sy span, wat hy meer of minder intoom, waardeur hy die nog losbandige diere sy wil ter navolging herkenbaar maak.

[3] Daar is die volle oergoddelikheid dus sigbaar, terwyl dit by die magiërs ewiglik nooit sigbaar kan word nie, omdat dit nooit as te nimmer daar is en was nie. Maar ons mag ook wel aanneem dat ons

aartsvaders deur hulle innerlike, goddelike krag baie wonders kon gedoen het, want sonder die egte wonders sou die onegte sekerlik nooit ontstaan het nie.

[4] Nou sien ons weer volmaakte egte wonders gebeur, maar ek sal geen slegte profeet wees as ek sê dat daar binne enkele honderde jare meer valse as egte wonders in naam van die Meester gedoen sal word nie!

[5] Dit alles is weliswaar afhanklik van die Meester, maar jy kan die volgende wel as vas aanneem: Ten eerste, dat die Meester nie altyd liggaamlik sigbaar op hierdie aarde by die mense sal bly en hulle nie, soos nou by die vestiging van die nuwe leer, persoonlik met raad en daad ten dienste sal staan nie. Ten tweede sal Hy van nou af aan die mense se vrye wil ook minder ontneem as voorheen, vóórdat die ewige gedenkwaardige tydperk sal kom waar Hy hierdie aarde vir altyd onverganklik en eendag tot sentrale punt van die hemele sal maak.

[6] Want `n wêreld wat Hy eenmaal liggaamlik met Sy voete betree het, moet ten minste vir ewige tye in `n verheerlikte staat bly. As die mense egter in die besit van hulle vrye wil bly en daarby altyd so onwetend en feitlik sonder enige verstand in die wêreld kom, sodat hulle latere kennis alleen van die oorspronklike uiterlike onderrig sal afhang, is daar werklik niks anders moontlik as dat die verduistering weer hand oor hand sal toeneem en die heerssugtige en op luukse beluste mense uit hierdie nuwe, suiwer goddelike leer `n tienvoudige heidendom sal maak wat nie sal agterbly by die Indiese heidendom nie!

[7] In ons liggame sal ons dit nie meemaak nie, maar verseker as bewoners van `n, aan ons nou nog onbekende, verligte geesteswêreld! Dit sal nog wemel van bedrog, leuens, hoogmoed, eiebelang, selfsug, vrees vir die wêreld, huigelary, skynheiligheid, vervolging, vonnis, wraak en gruwelikhede van allerlei aard!

[8] Die Meester Self sê immers dat dit alles toegelaat moet word vanweë die selfbeskikking en die ware lewensvorming van elke enkeling op sigself, waarsonder niemand `n werklike kind van Elohim kan word en in die ewige Glansrykheid van die Vader kan binnegaan nie!

[9] As die Meester Self ons al so `n prognose gegee het, wat kan ons dan anders dink as dit presies so sal gaan soos wat ek dit nou vir julle gesê het?! Die beste beskerming daarteen is en bly nog altyd `n duidelike taal met `n wiskundige sekerheid. Want `n wiskundige bewys oorleef die tye en geld van die Indiërs net soos van die Perse en Arabiere, Grieke, Romeine en Judeërs!"